12 Mei

Uitgawe 2010/05/12

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Een ding het ek van die HERE begeer, dit sal ek soek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die HERE, om die lieflikheid van die HERE te aanskou en te ondersoek in sy tempel. (**Ps.27:4**). Daar is baie initiatiewe wat gelowiges aanmoedig om die aangesig van die Here te soek. Ons moet versigtig wees om nie so gewoond te raak daaraan dat dit nie meer vir ons 'n avontuur is nie. Vra die Here om jou eie hart, jou gemeente, jou familie, ens. nader na Hom te trek. ***Hemelse Vader, ons harte is oop en na U gedraai Sal U ons dieper trek in die kennis van wie U is. Help ons om nooit te dink dat ons alles weet of alreeds alles ken nie.***

Deurbraak : Bybel word vir dowes vertaal

Wycliffe Associates en 'n bediening wat fokus op dowes het 'n nuwe vennootskap gesluit om die Bybel te vertaal in gebaretaal vir die miljoene mense wat nie toegang het tot die Skrif nie. *Door Opportunity Outreach International* (DOOR) gaan saam met *Wycliffe Bible Translators* en spanne van dowe vertalers werk om die Skrif in video formaat oor te sit. Om blind te wees verwyder jou van alledaagse dinge rondom jou, maar om doof te wees verwyder jou van mense. *Wycliffe Associates* wil seker maak dat doofheid niemand van God verwyder nie. Volgens *Wycliffe Associates* is daar meer as 200 geïdentifiseerde gebaretale wat in die wêreld gebruik word en sowat 70 miljoen mense kommunikeer deur die gebruik van gebaretaal. (Website: http://www.christiantoday.co.uk/article/wycliffe.door.to.translate.bible.for.deaf.people/25825.htm, 01/05/10). ***Prys die Here vir mense wat bereid is om hard te werk om seker te maak dat niemand onbereik bly vir die evangelie nie. Bid dat elke werker sensitief sal wees vir die werking van die Heilige Gees en dat hierdie groot taak seepglad sal verloop. Bid dat die Here mense sal aanwakker om vir hierdie projek te bid.***

Bid vir jou gemeenskap : 10 Dae van Nag en Dag Gebed

Dit is 'n uitnodiging aan die Kerk en die gemeenskap om saam met miljoene ander Christene van regoor die wêreld deel te neem aan die *10 Dae* van 24-uur gebed vir die geestelike transformasie van ons gemeenskappe, stede en lande. Gedurende hierdie tien dae van 24/7 gebed sal die fokus daarop wees om onsself voor God te verootmoedig, ons eie lewens en gemeenskappe aan Hom te wy, en Sy Woord en doel oor ons stede en lande uit te spreek. Groepe sal in verskeie geboue ontmoet, op verskillende tye van die dag, om God se aangesig te soek. Hierdie tyd van volgehoue gebed begin op Hemelvaart dag (13de) en eindig met die *Wêrelddag van Gebed* op die 23ste Mei as 'n dag van gebed en belydenis. (Webruimte: www.jwipn.com or www.globaldayofprayer.com, 10/05/10). ***Bid in jou gemeenskap vir herlewing in die harte van mense. Vra dat God harde harte sal versag en dat gelowiges se harte na Hom gedraai sal wees.***

Suid-Afrika : Polisie werkers in die tronk

Meer as 10 000 polisie offisiere is in die tronk landwyd. Dit is nie bekend hoeveel wag om verhoor te word en hoeveel alreeds gevonnis is nie. Die finale statistieke sal in September 2010 bekend gemaak word. (Webruimte: http://www.news24.com/SouthAfrica/News/Over-10-000-cops-in-jail-20100504, 04/05/10). ***Bid asseblief vir elke persoon wat in die polisiemag werk. Vra die Here om hulle te help om persone van integriteit te wees en dat hulle reg en geregtigheid aan die dag sal lê.***

Internasionaal : Pinkster Sondag Oes van Siele

Verlede jaar het God Homself bewys as die Een wie getrou is. Nadat 'n onnoembare aantal intersessors, gepleit het vir die oes van siele op Pinkster Sondag, het honderde duisende by die Koninkryk van God aangesluit. In Indië is daar 253 206 mense op hierdie dag gedoop in 2009. Hierdie jaar het ons 'n nuwe gebed en doel: Vra die Here van die oes om 700 000 siele in Sy koninkryk te bring in Indië. (E-pos: win@win1040.com, 10/05/10). ***Bid dat die blinddoek van mense se oë sal afval in die 10/40 Venster wat verblind word deur die vyand. Bid vir bevryding van die houvas van Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme, en primitiewe gelowe. Vra die Heilige Gees om harte aan te wakker en dat hulle ore sal hê wat sal hoor dat Jesus Christus die Enigste Seun van God is en dat Hy die Redder is van die wêreld. Bid dat hierdie Pinkster 'n begin sal wees van 'n ontwaking in die 10/40 Venster, en dat derduisende 'n verhouding met Jesus Christus sal hê as hul Saligmaker en Heer.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com